Tuine Laerskool Sport Beleid

Johan van Tonder

Beheerliggaam Sport

Inhoudsopgawe

1. Inleiding 4
2. Visie 4
3. Missie 4
4. Sport aktiwiteite. 4
5. Sport Struktuur 4
5.1 Sportkoordineerder 5
5.2 Sportorganiseerders 5
5.3 Afrigters en Hulp Afrigters 5
5.4 Buite Afrigters 5
5.5 Ouers 5
6. Pligte en Rolbeskrywing 6
6.1 Sportaktiwiteit leër 6
6.2 Ouer Betrokkenheid 6
6.3 Verslag 7
6.4 Vergaderings 7
7. Indeling van afrigters 7
7.1 Afrigters Kursusse 8
8. Voorraad en apparaat 8
9. Begroting 8
10. Tuis en wegbyeenkomste/ Wedstryde 9
10.1 Bane en velde 9
11. Afrigters 9
11.1 Reëlbesprekings 9
11.2 Skeidsregterskursusse /- eksamens 10
11.3 Afrigterskursusse 10

11.4 Vergaderings 10
11.5 Buite-afrigters 10
12. Uitslae 10
13. Affiliasiegelde 10
14. Noodhulp 10
15. Sportbeserings 11
16. Registrasie 11
17. Gasheer/-vrou tydens Tuis byeenkomste 11
18. Vervoer 11
19. Keuse van Spanne 12
20. Kleredrag/ Sportdrag 13
21. Media 14
22. Kontak met Beheerliggaam 14
23. Toere 14
29. UITVERHURING VAN SPORTFASILITEITE 18

SPORTBELEID

1. Inleiding

Die noodsaaklikheid van 'n Sportbeleid vir Laerskool Tuine se verskeidenheid van sportsoorte is daarin geleë dat dit op 'n verstaanbare wyse 'n uiteensetting gee vir elkeen betrokke. Dit sluit in die hoof, opvoeder, leerder, ouer of ondersteuner by sport as buite-kurrikulêre aktiwiteit t.o.v organisering, afrigting.

2. Visie

Om as afrigter en opvoeder betrokke te wees by individue en spanne wat gaan bou aan Tuine Laerskool. En om Tuine Laerskool een van die toonaangewende laerskole in Pretoria te maak wat sport betref.

3. Missie

Om leerders die geleentheid te gee vir deelname aan aktiwiteite en te presteer om sodoende by te dra tot die totale opvoeding van die leerder.

- Om soveel moontlik leerders te betrek by die buitemuurse program.
- Om gekwalifiseerde afrigters, skeidsregters, beamptes en goed afgerigte deelnemers te bewerkstellig.
- Om voldoende fasiliteite vir die beoefening van die sport daar te stel.
- Om so te presteer dat die sportprogram 'n bydrae maak tot die bemarking van die skool of karakter ontwikkeling van ons leerders.

4. Sport aktiwiteite.

Verwys na addendum 1

5. Sport Struktuur

Die Sporthoof doen jaarliks 'n werksverdeling van alle aktiwiteite. Die aanwending en verantwoordelikheid van elke afrigter word aangedui. Van personeel sowel as leerders word verwag om betrokke te wees by minstens twee aktiwiteite (een somer en een winter) of een aktiwiteit wat langer as 1 kwartaal strek. Die volgende rol verdeelings is belangrik om sport by Laerskool Tuine 'n sukses te maak

5.1 Ouerkoordineerder

Dit is noodsaaklik dat die skool sover moontlik 'n sportkoordineerder aanstel wat elke sport wat aangebied word. Die hoofdoel van 'n ouer koordineerder is om kommunikasie tussen die afrigters en ouers te bevorder. Die ouer koordineerder kan ook help met administratiewe reëlings en van die algemene koordinasie/organisering behartig.

5.2 Sportorganiseerders

Dit is noodsaaklik dat daar vir elke sportsoort wat deur die skool aangebied word, 'n sportorganiseerder aangestel word om toe te sien dat die sportsoort bedryf word in samewerking met die ouer koordineerder.

5.3 Afrigters en Hulp Afrigters

Afrigters en Hulp Afrigters sal so ver dit moontlik is bestaan uit onderwysers van Laerskool Tuine. Die afrigter en hulp afrigters sal nou saamwerk met die Sportkoördineerders en Organiseerders om sport by Laerskool Tuine 'n sukses te maak

5.4 Buite Afrigters

Buite Afrigters kan op 'n kontrakbasisaangestel word indien fondse beskikbaar is, vergoeding word deur die finansieele kommitee bepaal en goedgekeur deur die beheerliggaam. Buite afrigters word betrek om additionele kundigheid in sport te bring en waar nodig leemtes te vul waar nie genoeg afrigters beskikbaar is onder die onderwyserkorps van die skool nie.

5.5 Ouers

Die ouers speel 'n belangrike rol in die bevordering van sport by die skool en die ontwikkeling van die kind. Dit is belangrik dat ouers hulself aan die reels van die sportbeleid onderdaning sal stel en daarvolgens op en van die veld as ambasedeers van laerskool Tuine sal optree.

6. Pligte en Rolbeskrywing

Elke sport het 'n eie Sport Organiseerder wat deur die hoof aangestel word en 'n Sport Koördineerder wat deur die ouers en afrigter namens die span aangestel word. Dit is belangrik dat die Sport Organiseerder en Afrigter nou met die Sportkoördineerder saamwerk. Die volgende geld vir organiseerders maar ook vir individuele afrigters in sommige gevalle.

6.1 Sportaktiwiteit leër

- Sportbeleid
- Doelwitte
- Werksverdeling(organogram)
- Beplanning
- Notules
- Voorraadlys
- Ligabepalings
- Statistiek/ records
- Kennisgewings
- Affiliasie liggame en bonde: Notules/ kennisgewings
- Begroting
- Getekende gedragskodes deur elke ouer
- Inligting oor borge
- Lys van deelnemers en vrywaringsvorms met mediese besonderhede

Die uiteensetting van die leer moet 'n ondergeskikte afrigter, by afwesigheid van die sportorganiseerder in staat stel om alle organisasie effektief oor te neem.

6.2 Ouer Betrokkenheid

Voor die aanvang van 'n spesifieke sport kan die Organiseerder 'n funksie reel waarby ouers en leerders wat deelneem of wil deelneem genooi word. Hier tydens word 'n sportkoördineerder gekies wat met die volgende behulpsaam kan wees:

- Bemarking van die sport
- Ondersteuning van leerders
- Vervoer
- Rëel/ hulp met afsluitingsfunksie
- Apparaat
- Fondsinsamelings

6.3 Verslag

Na afloop van die aktiwiteit moet 'n volledige verslag oor die aktiwiteit by die Hoof/Beheerliggaam ingehandig word deur die Sportorganiseerder. Die verslag moet die volgende insluit:

- Stand van liga
- Individuele en spanprestasies
- Doelwitte bereik
- Hoe ouers betrek is gedurende die seisoen
- Beserings van leerder

6.4 Vergaderings

Die hou van drie verpligte vergaderings rakende elke sportsoort word verwag en moet deur die Sporthoof aangevra en bestuur word. Die inligting word bespreek maandeliks in die sport kommitee vergadering om te verseker dat alle reelings rakende sport in Laerskool Tuine volgens die sport beleid toegepas work. Die volgende vergaderings is belangrik

- **Beplanningsvergadering**

'n Beplannings vergadering vir die spesifieke sportsoort moet plaasvind in die voorafgaande termyn van deelname waar alle ligabepalings en ander belangrike rëelings deurgegee word aan al die afrigters bv. Afrigtingrëelings, skeidsregters, wedstrydrëelings en werkverdeling tov spesifieke sportsoorte.

- **Byhou vergadering**
- **Nabetragtingvergadering**

7. Indeling van afrigters

Tydens beplanningsvergaderings moet die indeling van die verskillende spanne bekendgemaak word. Onderwysers vul aan die begin van die jaar 'n buitemuurse aktiwiteitslys in waarop voorkeure aangedui word. Beste afrigters moet by A-spanne geplaas word. Indien daar nie voldoende ondewyser-afrigters is nie, kan daar van buite-afrigters gebruik gemaak word. Die sportkoordineerder/-organiseerder en skoolhoof saam met die sport kommitee neem die besluit oor indeling met inagneming van die werkverdeling.

Dit is ook belangrik om kontinuiteit by leerders te hou as dit be afrigters kom. Daarom is dit ook die beleid van Laerskool Tuine om afrigters saam 'n span te laat vorder en 'n geleentheid te gee om die span as Hoofafrigter of Hulpafrigter afterig in hul senior jaar. Tabel 1 dien as 'n voorbeeld:

Afrigter	Groep
Mnr Voorbeeld	0/9 - Hoofafrigter
Mnr Voorbeeld	0/10 - Hoofafrigter
Mnr Voorbeeld	0/11 - Hoofafrigter
Mnr Voorbeeld	0/12 - Hoofafrigter
Mnr Voorbeeld	0/13 – Hoofafrigter of Hulpafrigter

Behoeftes moet gereeld deur nominering van afrigters vir kursusse en klinieke aangevul word.

Waar affilliasie liggame nie voldoende geleentheid vir kwalifisering bied nie, moet die skool klinieke, afrigtings- en skeidsregterskursusse deur die organiseerder en sport koordineerder georganiseer word.

7.1 Afrigters Kursusse

Daar word van afrigters verwag om optimal te ontwikkel en derhalwe kursusse by te woon. Kursusgelde kan deur die skool betaal word soos goedgekeur deur die beheerliggaam. Indien 'n persoon nie slaag nie moet die volle bedrag terugbetaal word.

8. Voorraad en apparaat

Die Spanorganiseerder is direk verantwoordelik vir alle aangekoopte en verskafte apparaat. Voorraad en apparaat moet aangekoop word nadat inventaris geneem is. Die organiseerder, in samewerking met die koordineerder is verantwoordelik om jaarliks daarvoor te begroot en die aankope te doen soos goedgekeur deur die beheerliggaam. Veilige bewaring van apparaat is noodsaaklik. Aan die begin van die seisoen word voorrade aan afrigters oorhandig en aan die einde van die seisoen word dit weer ingehandig by die sportkoordineerder/-organiseerder. Verliese en verlore apparaat moet so spoedig as moontlik verklaar word en op die voorraad lys aangedui word vir maandelikse bespreeking met die beheerliggaam. Alle aankope moet aangebring word op die voorraadlys.

9. Begroting

'n Begroting word jaarliks deur die organiseerders volgens bepaalde behoeftes opgestel. Insette word verkry van afrigters. Organiseerders moet toesien dat spandering binne die begroting bly. Na afloop van die nabetragtingsvergadering moet 'n skriftelike begroting vir die volgende seisoen aan die finansiële komitee voorgelê word. Interne fondsinsamelingsaksies word aanbeveel maar moet in koordinasie met die finansiële komitee plaasvind.

10. Tuis en wegbyeenkomste/ Wedstryde

Word bepaal deur die ligabepalings deur verenigings en/of komitees.Vriendskaplike byeenkomste geskied op uitnodiging. Met tuisbyeenkomste word volledige werksverdeling gedoen om te verseker dat die skool se beeld positief uitgedra word.

- Met tuis wedstryde is die organiseerder verantwoordelik vir alle reëlings van sy sportsoort
- Die organiseerder dien as verteenwoordiger by bond/affilliasie liggaamvergaderings en bedrywighede. Die bywoning van sulke vergaderings is verpligtend.
- Ligabepalings moet voor die aanvang van die seisoen aan die afrigters en ouers verskaf word.
- Notules van alle affiliasie en bondvergaderings moet geliasseer word.
- Noukeurige aantekeninge van alle prestasies, records en statistiek moet deur elke organiseerder op datum gehou en bewaar word om merietefunksie toekennings makliker te maak
- Alle skoolreëls geld gedurende tuis-en wegwedstryde.

10.1 Bane en velde

Dit is die plig van die organiseerder om in koordinering met die Faktotum sy betrokke baan te merk, inligting oor merk van bane moet ten minste een week voor die betrokke byeenkoms deurgegee word. Organiseerders moet ook in koordinasie met die Faktotum verseker dat die velde in 'n goeie toestand is om daardeur ook die beeld van die skool positief uit te dra.

11. Afrigters

11.1 Reëlbesprekings

Dit word verwag van afrigters en skeidsregters om besprekings by te woon en waar nodig besprekings te hou vir ouers waar en indien nodig

11.2 Skeidsregterskursusse /- eksamens

Afrigters wat optree as skeidsregters moet skeidsregterskursusse bywoon en eksamen aflê

11.3 Afrigterskursusse

Daar word van afrigters verwag om optimal te ontwikkel en derhalwe kursusse by te woon. Kursusgelde word deur die skool betaal vir die skryf en bywoning van eerste kursus en eksamen. Afrigtingskursusse word bepaal en beplan deur die sport kommitee wat deur die Sporthoof bestuur word

11.4 Vergaderings

Afrigters of 'n afgevaardigde moet vergaderings bywoon.

11.5 Buite-afrigters

Buiteafrigters kan op 'n kontrakbasis aangestel word indien die nodige fondse beskikbaar is. Vergoeding geskied op grond van kwalifikasie/ondervinding/ervaring. Sportsoorte moet konsekwent wees in vergoeding. Beheerliggaam/Finansiële komitee stel tariewe was. Organiseerders moet jaarliks voorsiening maak in hul begrotings.

12. Uitslae

Uitslae word deur organiseerders versamel en deurgegee na die sportkoordineerder. Die sportkoordineerder moet uitslae skriftelik deurgee aan die skoolhoof (om tydens openinge voor te lees aan die skool_ asook aan die Bemarkingskomitee (vir media). Uitlae moet deur die koordineerder bewaar word vir verdure verwysings, bv. Merietefunksies

13. Affiliasiegelde

Word deur die vereninging bepaal tydens jaarvergaderings. Organiseerders moet begroot en toesien dat dit jaarliks betaal word.

14. Noodhulp

Met die aanbied van byeenkomste moet organiseerders toesien dat die nodige noodhulp gereël word. Daar moet ook jaarliks daarvoor begroot word.Sport Organiseerders reël met aangewese moodhulpbeampte. Geen wedstryd mag in aanvang neem voordat die noodhulp teenwoordig is nie.'n Lys van noodhulp beamptes moet ook in die sport organiseerder se leêr beskikbaar wees met nommers om gekontak te kan word

15. Sportbeserings

Word met nodige erns hanteer. Minder ernstige beserings word deur noodhulpspan by die skool hanteer. Ernstige beserings word gehospitaliseer. Organiseerder/afrigter moet registrasievorms van spelers byderhand hou. Indien 'n speler beseer is moet die ouers in kennis gestel word. Afrigters is verantwoordelik vir speler totdat ouers verantwoordelikheid oorneem.

16. Registrasie

Elke speler registreer soos voorgestel deur verskillende sportverenigings/-komitees. Registrasievorms/-sertifikate/-kaarte moet beskikbaar wees op aanvraag.

Elke speler moet 'n afskrif van 'n foto en sy geboortesertifikaat by sy registrasievorm aanheg. Die skoolhoof en organiseerder se handtekening moet op die registrasievorm verskyn. Al die vorms word en span en ouderdom verband in 'n leer gehou deur die buitemuurse organiseerder. Die vorms moet tydens ligawedstryde beskikbaar wees sou daar enige navrae wees. Dit is belangrik dat die mediese fondsnommer en allergieë ingevul word.

17. Gasheer/-vrou tydens Tuis byeenkomste

Die skoolhoof en sy gade, andersins die adjunkhoofde of in hul afwesigheid die sportorganiseerder

18. Vervoer

Die Sportkoordineerder/ organiseerder tref vervoerreëlings soos versoek deur die afrigters/sportorganiseerders met die personeellid wat verantwoordelik is vir die vervoerreëlings by die skool. Aanvraag vir Bus, microbus of kontrakbus moet een week vooraf gedoen word.

Kleingroepe: skoolbussie. Groot groepe: huur van busse. Leerders moet altyd onder toesig wees tydens busvervoer. 'n Toesigrooster moet vooraf utgewerk word deur die sportkoordineerder/organiseerder. Bestuurder van die bus moet in besit wees van 'n openbare bestuurspermit.

19. Keuse van Spanne

Onafhanklike keurders van buite kan gebruik word.Waak egter teen ouers as keurders. Waar spelers nog aan sportsoorte deelneem wat nog nie afgehandel is nie, moet hy/sy 'n regverdige kans gegun word.

Gesonde verhoudings tussen die onderskeie sportsoorte behoort aangemoedig te word. Sportsoorte moet nie teen mekaar afgespeel word nie en spelers moet ook nie onderling afgerokkel word nie. Spelers van die onderskeie sportsoorte behoort mekaar tydens wedstryde aan te moedig en te ondersteun.

Dit word verwag van afrigters om sonder om aanstoot te gee, toegewyd en onbaatsugtig in hul taak te wees en die skool se sportbelange op hulle hart te dra. Hulle optrede behoort van so 'n aard te wees dat kretiek nie maklik daarop gelewer kan word nie en om onpartydig aan elke deelnemer die geleentheid te bied om sy/haar beste te lewer en om gesindhede en verhoudings vir die fisiese en geestelike welvaart van elke deelnemer te bevorder. Agting vir 'n afrigter verseker 'n beter vertoning deur die span. Omdat een gesamentlike doel nagestreef word, behoort afrigters mekaar te ondersteun en by te staan.

Behalwe in die geval van kontaksport kan 'n uitstaande en ryp genoeg speler van enige ouderdom vir 'n eerste span oorweeg word mits hy/sy by uitstek die beste in die betrokke posisie is en sy/haar eie span nie werklik daardeur benadeel word nie. Daar moet egter met die afrigter van die jonger speler asook met die hoof daaroor gekonsulteer word. In die geval van kontaksport kan 'n speler eers as hy of sy 0/12 of in graad 6 is vir die eerste span oorweeg word.

Om te verseker dat spanne net op meriete gekies word, is dit nodig dat daar 'n stelsel van proewe moet wees waar elke speler 'n regverdige kans kan kry om vir 'n spesifieke span gekies te word. Tydens daaropvolgende vriendskaplike wedstryde moet die keuse van die spanne verder verfyn word, deur gekose reserwes genoegsame kans te gee om hulle te bewys, sodat daar met behoorlike spanbou begin kan word. Afrigters moet hulle in die kies van spanne nie deur onder andere ouers laat beinvloed nie.

Gekose spelers wat tydens wedstryde swak begin speel en nie meer 'n plek in daardie span regverdig nie, behoort ten minste in die onmiddelike laer span 'n behoorlike kans gegun word. Dit is hoogs onregverdig om 'n speler wat byvoorbeeld aanvanklik goed genoeg was om in die eerste span te speel maar verswak, summier van die eerste na die derde span af te skuif met die verskoning dat byvoorbeeld die tweede span reeds gevestig is en die speler nie in die spanpatroon sal inpas nie. Wanneer 'n speler uit sy/haar span na 'n laer span geskuif word, behoort redes vir die stap aan die speler gegee te word soda thy/sy die geleentheid gebied word om heer/hom weer op standard te prober bring.

Waar 'n speler reeds in 'n span gevestig is, en 'n besering opdoen, is dit nie nodig dat die speler eers weer wedstryde vir 'n laer span moet speel wanneer hy/sy volkome van sy/haar beserings herstel het

nie. As die besering egter nog die gehalte van sy/haar spel beinvloed kan die speler eers 'n wedstryd vir 'n laer span speel alvorens hy/sy weer toegelaat word om vir sy/haar span te speel. Oefentye moet behoorlik geskeduleer word en wanneer dit vasgestel s, nie na willekeur verander word nie. Die bywoning van oefening deur deelnemers is verpligtend. Waar 'n speler sonder geldige rede gedurende die week van die oefeninge weggebly het, behoort hy/sy nie toegelaat te word om gedurende die naweek of vir die volgende wedstryd vir sy/haar span te speel nie. Oorweging kan hoogstens daaraan geskenk word dat sy/haar vir 'n laer span speel maar dan moet 'n speler wat die oefening bywoon nie in die proses benadeel word nie. Spelers wat laks is om oefeninge by te woon, behoort na herhaalde waarskuwings uit sy/haar span geskors te word. 'n Teenwoordigheidsregister moet deur elke afrigter gehou word.

Daar word van afrigters verwag om pligsgetrou die oefeninge by te woon en afrigting aan te bied. 'n Afrigter wat toegewyd is, sal erken dat 'n span speel ssos hy oefen. Aangesien die kansellasie van 'n oefening sonder behoorlike vooraf kennisgewing of die versuim van 'n afrigter om by 'n oefening op te daag, groot ontwrigting vir deelnemers en hulle ouers teweegbring, behoort ten minste 'n dag vooraf kennis daarvan gegee te word. Sodanige afrigter moet eers vooraf sy/haar sportorganiseerder oor sy/haar redes daarvoor inlig.Spanne behoort die geleentheid gebied te word om gereeld teen mekaar te oefen. Dit kweek wedstrydvaardigheid aan en dienook indirek as siftingsproses waar spelers wat verswak teen 'n opponent in die laer span opgeweeg kan word.

Elke span moet 'n aanvaarbare kaptein hê. Leierlose spelers lewer nie hulle beste nie. Spelers behoort opvoedkundig so ingestel te word dat hulle nie spelers wat die span en die skool se naam deur hulle gedrag op die sportveld in 'n swak lig stel , as kapteins sal oorweeg nie, al is hulle goeie spelers.

Die beginsel hierbo geld vir alle sport soorte wat deur Laerskool Tuine aangebied word

20. Kleredrag/ Sportdrag

Omdat ons die trots vir ons skool wil uitstraal is dit noodsaaklik dat tydens sportbyeenkomste met die voorgeskrewe sportdrag deelgeneem word. 'n Bonte mengelmoes van kleure skep nie 'n goeie indruk nie.Wedstryddrag soos vasgestel in dagboek. Enige verandering moet deur die Beheerliggaan goedgekeur word. Spandrag bv. Borge se drimacs ens moet ook goedgekeur word deur die Sportkomitee van die beheerliggaam. Spandrag en provinsiale kleure mag gedra word voor die wedstryd gespeel word.

Voorgeskrewe sportdrag mag slegs verander word nadat daar behoorlik met ander afrigters, spelers, ouers en die hoof geraadpleeg is en tot 'n gesamentlike besluit gekom is. 'n Volledig gemotiveerde aansoek vir die beoogde verandering moet aan die sportkomitee en beheerliggaam vir finale goedkeuring voorgelê word.Spesifieke spandrag geld slegs vir eerste spanne. Ander spanne moet in die standard sportdrag deelneem.Spesiale oefendrag vir spanne word nie toegelaat nie tensy die koste vir die aankoop daarvan dmv borge verkry is.

Afrigters moet hulle vergewis en toesien dat hulle spanne korrek geklee is. Kleredrag oortredings moet met leerders en ouers opgevolg word. Verwys na hulpfonds in die geval van behoeftige kinders

21. Media

Sportorganiseerders moet prestasies deurgee na die skool se Bemarkingskomitee vir plasing in media

22. Kontak met Beheerliggaam

Die Sportkomiteevoorsitter van die Beheerliggaam in samewerking met sportkoordineerder en sportorganiseerders moet poog om verskillende komitees te stig om behoeftes aan te spreek.

23. Toere

Beleid

Die Sportkoordineerder/sportorganiseerder moet vooraf toestemming verkry vanaf die hoof en die beheerliggaam vir enige toere en alle voorskrifte volg soos deur die department voorgestel. Ter ontwikkeling van spelers kan spanne en hul reserwes die geleentheid gebied word om op toere te gaan. Die toer moet egter net spelers insluit wat werklik vir die betrokke span oorweeg word. Waar 'n speler bv saam met die eerste span toer, maar daar niebeloof word om die speler daardie jaar in die span op te neem. Maar vir die toekoms ontwikkel te word, moet die speler sowel as sy ouers/voogde dienooreenkomstig ingelik word.

Volle besonderhede(voordele, koste, plek, wyse van vervoer. Ens) van die beoogde toer moet skriftelik aan die ouers/voogde voorgelê word waarna hulle anonym moet aandui of daar met die toer voortgegaan moet word, al dan nie. Op die brief moet vir 'n spasie voorsiening gemaak word waarop ouers/voogde sonder verpligting die redes vir hulle besluit kan aandui. 'n Bussie waarin die briewe geplaas kan word moet voorsien word.

Ten einde ouers/voogde die geleentheid te gee om vir die toerkostes te begroot is die afsnydatum waarna toere nie meer beplan moet word nie , soos volg:

Vir Maart/April vankansie – reeds vorige jaar

Vir latere Toere – Ten minste 3maande voor die tyd.

'n Beduidende persentasie van die toergeld moet reeds in die vorige jaar ingesamel wees deur spesifieke aksies met ouers te onderneem. Dit moet verkieslik nie net weer uit ouers se sake kom nie. Borge kan ook genader word.

Dit is 'n uitruklike voorwaarde dat alle toergeld voor die aanvang van 'n toer ingesamel moet wees. Indien nie, sal daar nie toegelaat word dat die span op toer gaan nie.

Afrigtingskursusse wat plaaslik net so goee aangebied kan word, behoort eerder sterk oorweeg te word as toere met 'n groot koste implikasies.

Ter wille van die bou van spangees kan toere ook oorweeg word, maar in die opsig behoort eerder na skole/plekke wat nader geleë is gekyk word as naver plekk/skole. Kostes moet egter steeds ingedagte gehou word.

Notas: (a) Wanneer 'n sporttoer beplan word, moet dit eers ter wille van onder andere die sinchronisasie van toere, aan die Sportkomitee voorgelê word.

(b) Nadat al die bestaande voorskrifte nagekom is, moet die toer vir finale goedkeuring aan die Sportkomitee en Beheerliggaam voorgelê word.

Toerreëls

Dieselfde reels en gedragskode wat by die skool geld, geld ook tydens alle toere. Aangesien die leerders die skool verteenwoordig, word verwag dat hulle deur hulle optrede, behulpsaamheid, deelname, betrokkenheid en welwillendheid teenoor die publiek en leerders van ander skole ambasadeurs vir die skool sal wees.Die skool en sportdrag behoort met trots gedra te word waar die skool amptelik verteenwoordig word. Dit sluit nie-spelers of nie-deelnemers en toeskouers in.

Selfs tydens opvoedkundigeuitstappies of ontspanning geld kleredrag reels wat beantwoord aan die eise van behoorlikheid en welvoeglikheid. Die skool en die gemeenskap word nog steeds verteenwoordig.Daar word van leerderleiers verwag om positiewe leiding te neem en die opvoedkundige etos van die skool te bevorder. Dit beteken dat leerders vat die binne die reels optree nie, aangespreek en war odig aangemeld moet word. Indien 'n toerleerder bewus is van 'n ernstige oortreding soos bv. Dwelms of 'n misdaad wat nie aangemeld word nie, word dit ook beskou as wangedrag wat tot ernstige optrede teen die leerder kan lei.Alle toere is groepsaktiwiteite en leerders tree binne die groep op. Geen afdwaling of toestemming om die groep te verlaat mag sonder die toestemming van die ouers.voog wat vooraf verkry moet word geskied nie.

Personeel

Tydens alle toere geld die reel van "in locum parentis" wat daarop neerkom dat die onderwyser wat toesig hou die rol van die ouer vervul. Toestemmingsvorms vir die meemaak van die toer moet vooraf deur elke leerder se ouers/voogde voltooi word. Aandag moet veral gegee word aan mediese toestande wat spesiale behandeling vereis bv. Allergieë en so meer

Onthou dat geen vrywaringsvorm 'n onderwyser kwydskeld vir enige nalatige optrede of gebrek aan toesig nie.Alle toere is 'n verlengstuk van die skool en daar behoort te alle tye toesig oor leerders te wees.

Leerders kan nie toegelaat word om indivdueel of in groepe sonder toesig in die aand uit te gaan nie. Alle aktiwiteite bly groepsaktiwiteite. Leerders moet nie die geleentheid gegee word om te eksperimenteer nie. Laat nagte wat spelers se spel die volgende dag kan beinvloed word nie ook ondersteun nie.

Personeel van dieselfde geslag as die leerders wat die toer vergesel, moet op busse en tydens die toer vergesel, moet op busse en tydens die toer by die groep wees. Dit is veral noodsaaklik vir toere waar uitgeslaap word.

Enige ongerymdhede of ernstige wangedrag van 'n leerder, veral waar dit aan misdaad grens, behoort onverwyld, selfs tydens die toer aan die hoof bekend gemaak te word.Optrede teen so 'n leerder moet oombliklik volg. Waar toepaslike en voldoende strafmaatreels tydens die toer vir geringe oortredings opgelê is, behoort daar na afloop van die toer nie verder teen die llerder opgetree te word nie.

Toerreëlings behoort nie sonder kennisgewing aan alle betrokkenes tydens die toer verander te word nie. Ouers moet leerders te alle tye kan kontak.

Nagritte en blootstellings aan enige gevaarlike situasie moet so ver moontlik vermy word. So byvoorbeeld behoort rite na/van bestemmings nie voor 03:00 aangepak te word nie en nie na 24:00 meer gereis te word nie. Deurnagritte is nie toelaatbaar nie.Waar 'n leerder beseer of siek word, moet toepaslike mediese hulp onmiddellik verkry word en die leerder nie alleen by die verblyfplek agtergelaat word nie.Versekering teen ongevalle tydens toere is noodsaaklik, Rekord van alle uitgawes moet gehou word. Bewaar alle kwitansies strokies.'n Toer bied onderwysers die geleentheid om leerders beter te leer ken, maar veral om leerders in ;n ontspanne atmosfeer te begelei na volwassenheid. Leer die leerders om die regte keuses te maak en om ambassadeurs vir die skool en die gemeenskap.

Toerreëlings

Reëlings van sporttoere moet betyds binne die voorgeskrewe sperdatums getref word.Alle voorskrifte soos uiteengesit onder BELEID en TOERREELS moet in die proses nagekom word en die nodige magtigings ook betyds verkry word.

Ten einde ouers/voogde die geleentheid te bied om onder andere hulle eie vakansiereëlings betyds te tref, behoort die toerreëlings bevattende volle besonderhede bv vertrek en aankomstye, datums. Toerprogram, kontaktelefoonnommers, benodighede ens. Vroegtydig aan leerders en ouers voorsien te word.

Nadat 'n toer 'n aanvang geneem het, behoort die toerreëlings nie sonder behoorlike kennisgewing aan alle betrokkenes verander te word nie. Wysigings kan tot baie ongemaklike situasies lei.Behoorlike onderlinge kommunikasie voor,tydens en selfs na 'n toer tussen alle belanghebbendes behoort nagestreef te word.

Terugrapportering na afloop van toer

Na afloop van 'n toer moet 'n kort skriftelike verslag opgestel en aan die hoof en Sportkomitee voorgelê word. Die verslag moet aspekte bevat soos onder andere suksesse, die voordele wat uit die toer verkry is en die waarde wat dit vir die spellers en span ingehou het. 'n Inkomste en uitgawestaat vir die toer wat onderneem is, moet so gou moontlik na die toer en tesame met kwitansies aan die voorsitter van die Sportkommitee voorsien word, wat die sal nagaan en dan met kommentaar waar nodig aan die voorsitter van die Finansiele Komitee sal voorlê. 'n Benopte handleiding wat as riglyn betreffende sporttoere dien, word gerieflikheidshalwe hieronder voorsien.

Riglyne in verband met reëlings vir sporttoere

- Bestudeer voorskrifte met betrekking tot BELEID en TOERREëLS soos vervat in die SPORTKODE
- Beplan beoogde toer binne voorgeskrewe sperdatums.
- Bepaal doel van toer en waarheen getoer wil word.
- Bepaal finansiële implikasies
- Verkry beginselgoedkeuring vir toer van Sportkomitee
- Loots fondsinsamelingsprojekte- borge, verkope
- Kry duidelikheid oor wie gaan toer
- Lê toer met volle besonderhede aan ouers/voogde betrokke voor,sodat hulle anonym kan aandui of die toer ondersteun word al dan nie
- Indien wel, kry finale goedkeuring van Sportkomitee
- Tref reis en verblyfreëlings met inageneming van voorskrifte
- Kry toestemming en vrywaringsbriewe en telefoonnommers van ouers.voogde asook mediese besonderhede van leerders en liasseer
- Neem versekering uit
- Voorsien aan elke leerder en ouers/voogde die toerreëlings en toerprogram wat ook insluit:vertrek en aankomstye, datums, kontaknommers.ens
- Gee 'n lys van besonderhede deur bv persoonlike meddikasie, tipe klere ens
- Stel duidelike reels op skrif en voorsien aan elke leerder bv:
    - reels tydens reis, mag nie by vensters uitleun nie ens.
    - Opstaantye en slaaptye
    - beklemtoon verder dat dieselfde reels en gedragskode wat by die skool geld geld ook tydens toere
- Bepaal watter onderwysers(van dieselfde geslag as leerders) leerders op bus moet vergesel asook tydens uitstappies.
- Deel leerders in groepe in, ook vir kamerindeling
- Kom voorskrifte met of tydens uitstappies na. Vermy blootstelling aan gevaarlike situasies
- Verkry onmiddelike toepaslike mediese hulp waar 'n leerder beseer word
- Vermy afwyking van toerreëlings en toerprogram. Indien onvermydelik van die reisprogram afgewyk moet word, kontak alle ouers.

- Hou rekord van alle uitgawes.
- Stel kort skriftelike verslag na afloop van toer op aan Sportkomitee en hoof.
- Lê inkomste en uitgawe staat tesame met strokies.kwitansies aan die voorsitter van die sportkomitee voor.

29. UITVERHURING VAN SPORTFASILITEITE

Sportfasiliteite ,mag uitverhuur word nadat skriftelik aansoek gedoen is en dit deur die Beheerligaam goedgekeur is. Die finansiële komitee bepaal die tariewe tov uitverhuring op 'n jaarlikse basis.

ADDENDUM

Sal nog aangeheg word

1. Voorbeelde van goedgekeurde sport drag
2. Rol verdeling van Sport Organiseerders by Laerskool Tuine

ADDENDUM 1

Die volgende sportsoorte word beoefen by Laerskool Tuine

- Atletiek
- Jukskei
- Krieket
- Landloop
- Netbal
- Rugby
- Sagtebal
- Tennis

VOORSITTER

21/11/2011.

DATUM